Juffrou Karen

**Geagte Ouer/ Leerder** **Januarie 2026**

Voorspoed vir 2026! Baie dankie vir die navraag. Ek bied Fisiese Wetenskappe ekstra klasse aan vir graad 10-12 leerders. My lesse neem die vorm van werkswinkels aan waartydens gefokus word op probleem-oplossing en probleem-benadering. Leerders kry geleentheid om vrae te vra en aktief deel te neem aan probleem-oplossing tydens in-persoon lesse. Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om huiswerk en/ of voorbereiding noukeurig te doen en sodoende voorbereid by lesse in te skakel.

Dit is leerders se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle op datum bly met die leer van definisies en dat hulle die simbole (byvoorbeeld **a** staan vir **versnelling**) van fisiese hoeveelhede ken, asook die toepaslike eenhede. Sonder hierdie basiese kennis sal leerders sukkel om die korrekte formules te kies en dit korrek toe te pas.

Ekstra klasse ondersteun werk wat in die klas by die skool behandel word en het ten doel om leerders te help om onderwerpe beter te verstaan en vaardighede op te skerp om teorie toe te pas om probleme op te los. Fisiese Wetenskappe het 'n sterk teorie komponent wat leerders moet leer, ken en verstaan. Bykomend moet leerders die kennis kan gebruik om gegewe probleme te analiseer en oplossings stapsgewys daarvoor te vind. Dit is meestal met die oplos van probleme waar leerders vasbrand en dit is juis in hierdie verband waar ons poog om leerders te help deur vir hul vaardighede te leer en dit op te skerp om die probleme korrek te benader en op te los.

Alle in-persoon (Pakket 2) lesse word in **groepsverband** aangebied. Onderwerpe word volgens die **vooraf-opgestelde program**, gebaseer op die jaarlikse onderrigplan van die departement van basiese onderwys, behandel. Die program is onderwerp aan verandering soos bepaal deur Juffrou Karen. Die program is aangeheg en is ook op die webtuiste beskikbaar. **Geen lesse en onderwerpe word herhaal gedurende 'n kwartaal nie**. Video-opnames kan gebruik word om lesse wat gemis word op te vang en ook vir hersienings-doeleindes.

karen@juffroukaren.co.za
+27 76 717 0653
www.juffroukaren.co.za
Juffrou Karen Fisiese Wetenskappe Ekstra Klasse

Alle kwartaal-tariewe is vooruitbetaalbaar, tensy anders ooreengekom met Juffrou Karen. Daar is DRIE opsies vir ekstra-klas:

**Pakket 1**: Video lesse

**Pakket 2**: In-persoon (Bloemfontein)

**Pakket 3**: Een-tot-een konsultasies (Aanlyn of in-persoon te Bloemfontein; SLEGS gedurende eksamens in kwartaal 2 en 4)

**PAKKET 1: VIDEO lesse**

Hierdie lesse is ideaal vir leerders wat baie besige programme het en nie noodwendig ekstra klasse ook kan inpas nie. Leerders kan op hul eie tyd deur die video lesse werk en selfs die opnames gebruik vir hersiening.

Leerders wat reeds gematrikuleer het en graag hul Fisiese Wetenskappe wil oorskryf kan die video-lesse van die vorige jaar vir kwartaal 1-4 aankoop indien hulle sou wou. Die lesse dek die hele matriek sillabus.

Die **kwartaal-tariewe** vir die onderskeie grade is as volg:

- Graad 10 -12: R750 per kwartaal

**PAKKET 2: IN-PERSOON te Bloemfontein**

In-persoon lesse vind in **groepsverband** (maksimum 8 leerders) plaas te 31 Rose laan, Bloemfontein. Lesse vind plaas **volgens die vooraf-opgestelde program**. Tydens lesse word vrae per onderwerp uitgewerk volgens die program. Lesse is 50 minute lank. Indien ‘n leerder ‘n klas mis kan die les via daardie week se video les opgevang word of ‘n alternatiewe reëling moet met Juffrou Karen getref word om daardie les saam met ‘n ander groep by te woon. Lesse wat

Juffrou Karen

gemis word KAN NIE geruil word vir een-op-een lesse nie. Die weeklikse video-lesse vorm deel van die pakket.

Die **kwartaal-tariewe** vir die onderskeie grade is as volg:

- Graad 10-12: R2250 per kwartaal

**LET WEL:** Leerders wat in-persoon lesse bywoon moet ook die anti-boeliegedrag ondernemingsvorm invul voor die eerste les.

**PAKKET 3: EEN-TOT-EEN (Aanlyn via Zoom of in-persoon te Bloemfontein)**

Konsultasies is ideaal vir leerders wat net een of twee een-op-een klasse nodig het om spesifieke konsepte onder die knie te kry. Hierdie lesse werk goed vir leerders wat presies weet aan watter onderwerpe hulle aandag wil gee. **Hierdie pakket is slegs beskikbaar gedurende die eksamen in kwartaal 2 en kwartaal 4**. Daar is beperkte een-tot-een konsultasie openinge beskikbaar. Kontak Juffrou Karen direk vir die opgedateerde program omdat hierdie openinge vinnig gevul word. Die koste vir een-tot-een konsultasies is R380 per konsultasie. Konsultasies is ongeveer 50 minute lank en kan aanlyn of in-persoon plaasvind. Konsultasies is betaalbaar voor die klas plaasvind.

**Let wel:** Konsultasies is nie tutor-klasse nie. Hierdie opsie werk slegs goed vir leerders wat reeds die basiese konsepte onder die knie het en op spesifieke probleem-areas wil fokus. 'n Hele kwartaal se Fisiese Wetenskappe kan NIE tydens een of twee konsultasies opgevang word nie.

Registrasie en aankoop van pakket 1 moet op die webwerf voltooi word. Sodra die betaling ontvang is, sal leerders toegang hê tot die videos. Pakket 2 en 3 word direk by Juffrou Karen bespreek. Leerders wat pakket 2 bespreek sal 'n koepon ontvang waarmee die videos vir die spesifieke kwartaal aangekoop moet word.

Juffrou Karen

**Alle video-opnames en materiaal bly die eiendom van "JUFFROU KAREN" en word beskerm deur kopieregte.**

Indien jy belangstel in ekstra-klasse, kontak Juffrou Karen vir verdere inligting of besoek gerus die webtuiste.

Vriendelike groete,

Juffrou Karen

karen@juffroukaren.co.za

+27 76 717 0653

www.juffroukaren.co.za

Juffrou Karen Fisiese Wetenskappe Ekstra Klasse

Juffrou Karen

**2026 PROGRAM**

**PAKKET 1: Videos**

| GRAAD 10 – Kwartaal 1 | |
|---|---|
| **Les** | **Onderwerp** |
| 1 | Transversale pulse |
| 2 | Transversale golwe |
| 3 | Longitudinale golwe en klank |
| 4 | EM-straling |
| 5 | Praktiese ondersoek: Golwe |
| 6 | Elektrostatika |
| 7 | Elektriese stroombane (Inleiding) |

| GRAAD 11 – Kwartaal 1 | |
|---|---|
| **Les** | **Onderwerp** |
| 1 | Vektore (Graad 10 hersiening) |
| 2 | Vektore (Skaaltekeninge) |
| 3 | Praktiese ondersoek: Vektore (Ewewig) |
| 4 | Kragte -en vryliggaamdiagramme |
| 5 | Newton se wette |
| 6 | Universiële gravitasiewet |
| 7 | Elektrostatika |

| GRAAD 12 – Kwartaal 1 | |
|---|---|
| **Les** | **Onderwerp** |
| 1 | Momentum |
| 2 | Momentum en Impuls |
| 3 | Vertikale projektielbeweging |
| 4 | Organiese molekules (Inleiding) |
| 5 | Organiese molekules (Benaming) |
| 6 | Organiese molekules (Isomere) |
| 7 | Organiese molekules (Fisiese eienskappe) |
| 8 | Organiese molekules (Reaksies) |

karen@juffroukaren.co.za
+27 76 717 0653
www.juffroukaren.co.za
Juffrou Karen Fisiese Wetenskappe Ekstra Klasse

Juffrou Karen

## PAKKET 2: In-persoon

| TYD | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG |
|---|---|---|---|---|
| 14:10-15:00 | Grade 10 (Eng) (JK) | Graad 11 (Afr) (JK) | Graad 10 (Afr) (JK) | Graad 12 (Afr) (JK) |
| 15:10-16:00 | Grade 11 (Eng) ONLINE (Jk) | Graad 11 (Afr) (JK) | Graad 10 (Afr) (JK) | |
| 18:10-19:00 | | | Graad 12 (Afr) (JM) | Graad 11 (Afr) (JM) |
| 19:10-20:00 | | Grade 12 (Eng) ONLINE (JM) | | |

*JK – Juffrou Karen

*JM – Juffrou Marlene

| GRAAD 10 – Kwartaal 1 | |
|---|---|
| **WEEK** | **Onderwerp** |
| 1 (22 Jan) | Transversale pulse |
| 2 (29 Jan) | Transversale golwe |
| 3 (05 Feb) | Longitudinale golwe en klank |
| 4 (12 Feb) | Golwe: Toepassing |
| 5 (19 Feb) | EM-straling |
| 6 (26 Feb) | Elektrostatika |
| 7 (05 Mrt) | Elektrostatika |
| 8 (12 Mrt) | Elektriese stroombane (Inleiding) |
| 9 (19 Mrt) | Elektriese stroombane |
| 10 (26 Mrt) | Elektriese stroombane |

| GRAAD 11 – Kwartaal 1 | |
|---|---|
| **WEEK** | **Onderwerp** |
| 1 (20&22 Jan) | Vektore (Graad 10 hersiening) |
| 2 (27&29 Jan) | Vektore (Skaaltekeninge) |
| 3 (03&05 Feb) | Praktiese ondersoek: Vektore (Ewewig) |
| 4 (10&12 Feb) | Kragte -en vryliggaamdiagramme |
| 5 (17&19 Feb) | Newton se wette |
| 6 (24&26 Feb) | Newton se wette |
| 7 (03&05 Mrt) | Newton se wette |

karen@juffroukaren.co.za

+27 76 717 0653

www.juffroukaren.co.za

Juffrou Karen Fisiese Wetenskappe Ekstra Klasse

| | |
|---|---|
| 8 (10&12 Mrt) | Universiële gravitasiewet |
| 9 (17&19 Mrt) | Elektrostatika |
| 10 (24&26 Mrt) | Elektrostatika |

| **GRAAD 12 – Kwartaal 1** | |
|---|---|
| **WEEK** | **Onderwerp** |
| 1 (21&22 Jan) | Momentum |
| 2 (28&29 Jan) | Momentum en Impuls |
| 3 (04&05 Feb) | Vertikale projektielbeweging |
| 4 (11&12 Feb) | Vertikale projektielbeweging |
| 5 (18&19 Feb) | Organiese molekules (Inleiding) |
| 6 (25&26 Feb) | Organiese molekules (Benaming) |
| 7 (04&05 Mrt) | Organiese molekules (Isomere) |
| 8 (11&12 Mrt) | Organiese molekules (Fisiese eienskappe) |
| 9 (18&19 Mrt) | Organiese molekules (Reaksies) |
| 10 (25&26 Mrt) | Organiese molekules (Reaksies) |

karen@juffroukaren.co.za
+27 76 717 0653
www.juffroukaren.co.za
Juffrou Karen Fisiese Wetenskappe Ekstra Klasse